higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 3

(7601023)

25 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Negatiewe groepsdruk vind plaas wanneer iemand …

A jou help om jou persoonlike standaard te verhoog.
B jou help om jou gedrag te verbeter.
C jou afkraak.
D jou help om jou sosiale vaardighede te verbeter.

1.2 … denke beteken om duidelik en logies oor 'n probleem of idee te dink.

A Kritiese
B Kreatiewe
C Analitiese
D Abstrakte

1.3 'n … is 'n proses wat ontwerp is om jou vermoëns, talente, sterkpunte en deskundigheid te meet.

A beoordeling
B vaardighede-oudit
C opname
D bedryfsoudit

1.4 Iemand wat in die waarde en belangrikheid van werk glo, het 'n sterk …

A persoonlikheid.
B passie.
C werksetiek.
D onverskilligheid.

1.5 … is die vrees vir buitelanders, wat lei tot geweld, ontworteling en selfs moord.

A Volksmoord
B Etniese suiwering
C Stereotipering
D Xenofobie

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Toestand waarin jy beheer van jou gevoelens is en 'n gesonde verstand het	A	geboelie in die werkplek
2.2	Anonieme rapportering van verkeerde optrede in die werkplek/gemeenskap	B	sekerheid
2.3	Om 'n gesonde liggaam te hê	C	fisieke welstand
2.4	Vermoë om duidelik en met selfvertroue te sê wat jy wil hê	D	oopvlekking
2.5	Mishandeling en doelbewuste teistering van kollegas	E	geesteswelstand
		F	uithouvermoë

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Gee 'n rede vir elke antwoord of korrigeer die stelling as dit ONWAAR is.

3.1 Onproduktiewe werksgedrag is moreel aanvaarbaar.

3.2 As jy dit verkies om saam met ander studente te leer, het jy 'n intrapersoonlike leerstyl.

3.3 Dit is gepas om mense in jou netwerk slegs te kontak wanneer jy 'n verwysing nodig het.

3.4 Vooroordeel is om mense negatief te veroordeel omdat hulle anders is.

3.5 Verduistering is die onwettige gebruik van fondse wat aan iemand toevertrou is.

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Om 'n familielid of vriende aan te stel sonder om die beste kwalifikasies vir die pos te oorweeg, word … genoem.

4.2 Deskundigheid wat moeilik is om in die werkmark te kry, word … genoem.

4.3 … is om die belangrike dele van 'n teks vlugtig deur te lees om die hoofidees te kry.

4.4 Die take wat jy in jou spesifieke gebied van werk doen, word jou … genoem.

4.5 … is om geld aan 'n verkeersbeampte te gee om te verhoed dat jy 'n boete kry vir te vinnig ry.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE uitwerkings wat die misbruik van alkohol op mense het. (3)

5.2 Noem TWEE soorte kubermisdaad. (2)

5.3 Noem DRIE eienskappe van iemand wat linkerbreindominant is. (3)

5.4 Definieer elk van die volgende terme:

5.4.1 Kultuur (2)

5.4.2 Kulturele diversiteit (2)

5.5 Mariam is 'n uitstekende luisteraar, maar hou ook daarvan om baie te praat. Sy kan simbole, letters en woorde weergee deur hulle bloot te hoor.

5.5.1 Definieer die term *mnemotegnieke.* (1)

5.5.2 Watter mnemotegnieke kan Mariam gebruik om haar te help wanneer sy hersien? (2)

[15]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

DIE LIEFDE WOON NIE MEER HIER NIE!

Jabulile bly saam met haar kêrel. Sy verduidelik: 'Ons het in 2017 begin uitgaan, en hy het my in Maart 2018 begin mishandel. Hy beskuldig my gereeld daaraan dat ek aan hom ontrou is, alhoewel ek aan ons verhouding toegewyd is.' Daar was twee gewelddadige voorvalle. Die eerste voorval was toe hy saam met nuwe vriende uitgegaan het en onder die invloed van middels huis toe gekom het. Hy het Jabulile twee maal met die vuis in die gesig geslaan en die volgende dag gemaak asof niks gebeur het nie. Sy sê sy het hom vergewe omdat sy gedink het dat sy dalk sy gedrag uitgelok het.

Die tweede keer het hy haar voor sy vriende geskop terwyl sy op die vloer was. Al sy vriende het gelag. Haar kêrel wil hê sy moet saam met hom en sy vriende na 'n klub toe gaan. Jabulile voel nie gemaklik om te gaan nie, want sy hou nie van sy nuwe vriende nie en het gehoor dat daar al meisies by daardie klub verkrag is.

Jabulile weet nie wat om te doen nie en sy is bang vir haar kêrel.

6.1 Stel DRIE dinge voor wat Jabulile moet doen om haarself van hierdie mishandelende verhouding te bevry. (3)

6.2 Noem VIER handhawings- en weieringsvaardighede wat Jabulile kan gebruik wanneer sy met haar kêrel kommunikeer. (4)

6.3 Gee vir Jabulile DRIE stukke raad oor wat sy in verband met haar verhouding met haar kêrel moet doen. (3)

6.4 Verduidelik DRIE maniere waarop Jabulile dwelms wat vir afspraakverkragting gebruik word, kan vermy. (3)

6.5 Verduidelik kortliks hoe Jabulile haar gevoelens kan uitdruk. (2)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.nonprofithib.com*]

7.1 Steve oorweeg dit om as vrywilliger te werk, maar hy is nie seker of dit die regte ding is om te doen nie.

Noem DRIE maniere waarop vrywillige werk vir Steve sal bevoordeel. (3)

7.2 Noem VIER dinge wat Steve moet doen om sy netwerk te vestig. (4)

7.3 Steve doen sy NSB V4 by die plaaslike TBOO-kollege. Hy moet tydens die Julievakansie as werkskadu optree.

Verduidelik VIER dinge aan Steve wat hy moet doen as hy werkskadu by 'n organisasie wil doen. (4)

7.4 Steve het 'n visuele leerstyl.

Verduidelik VIER studietegnieke wat hy kan gebruik. (4)

7.5 Noem VIER dinge wat Steve kan doen om sy kreatiewe denkvaardighede te verbeter. (4)

7.6 Steve merk op dat sy kollegas daarvan hou om grappe oor ander kulture te maak. Hy wil 'n plakkaat maak om sy kollegas bewus te maak van die ander kulture.

7.6.1 Skryf 'n treffende titel neer. (1)

7.6.2 Noem DRIE voordele daarvan om kulturele diversiteit in die werkplek te respekteer. (3)

7.6.3 Gee TWEE voorbeelde van kulturele diversiteit in die werkplek. (2)

[25]

VRAAG 8

Bestudeer die stellings hier onder en beantwoord die vrae.

Mans wat nie van sport hou nie word gay genoem.
Vroue wat rook en drink het nie hoë morele waardes nie.
Meisies kan nie goed sport speel nie.

8.1 Noem die term wat aan die soorte stellings hier bo gegee kan word. (1)

8.2 Gee DRIE ander voorbeelde van die term wat jy in VRAAG 8.1 genoem het. (3)

8.3



[Bron: *www.ctcwcs.com*]

8.3.1 Verduidelik die term *mensehandel*. (2)

8.3.2 Noem TWEE maniere waarop mense slagoffers van mensehandel kan word. (2)

8.3.3 Watter organisasie in Suid-Afrika kan gekontak word om mensehandel te rapporteer? (2)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 9

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

9.1 Jabu doen navorsing vir 'n werkstuk oor seksuele teistering en geboelie in die werkplek. Sy kom op die volgende storie af:

Ek is seksueel mishandel en geboelie deur 'n manlike kollega. Hy het uitgevind ek gaan uit met vroue en sou by my kantoor inkom en die belaglikste goed sê. Die geboelie het vir 'n jaar lank plaasgevind. Hy was minagtend en hy het my in vergaderings afgekraak. Ek het alles opgeneem en toe ek voel ek het genoeg gehad, het ek dit aan my bestuurder gerapporteer. Die bestuurders het dit geïgnoreer omdat hulle van hom hou. Ek het besluit om dit aan my hoof- uitvoerende beampte te rapporteer.

[Aangepas uit: *www.huffingtonpost.co.za/2018/02/01/timesup-should-inspire-you-to-speak-out-about-sexual-assault-in-the-workplace*]

9.1.1 Bespreek SES stappe wat gevolg moet word om seksuele teistering en geboelie in die werkplek te rapporteer. (6)

9.1.2 Lewer kommentaar oor die SES dissiplinêre stappe wat die maatskappy teen die manlike kollega moet doen. (6)

9.2 Die OV3H-studiemetode ('SQ3R') is nuttig vir alle leerstyle.

Verduidelik VIER maniere waarop Jabu 'n oorsig van haar navorsings-materiaal moet kry. (4)

9.3 Die kollege bied 'n kursus in basiese noodhulp aan vir alle studente wat belangstel. Jabu woon die kursus by en moet 'n rolspel doen oor hoe om mond-tot-mond-resussitasie te doen op 'n slagoffer wat verdrink.

Watter VIER stappe moet sy volg? (4)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Corruption Watch sê dit het 5 334 aanmeldings van korrupsie in 2017 gehad, 'n styging van die 4 391 aanmeldings wat dit in 2016 ontvang het.

'Dit is deur 'n aktiewe en waaksame publiek ontvang. Korrupsie kan nie oorwin word sonder diegene wat bereid is om dit oop te vlek nie. Hulle is die werklike helde,' het uitvoerende direkteur, David Lewis, gesê.

[Aangepas uit: *https://www.timeslive.co.za/news/south-africa*]

10.1 Noem VIER gevolgtrekkings wat jy kan maak oor die uitwerkings wat korrupsie op ons land het. (4)

10.2 Noem DRIE probleme wat iemand kan ondervind wanneer hy/sy korrupsie in die werkplek rapporteer. (3)

10.3 Beskryf DRIE voordele daarvan om korrupsie in die werkplek te rapporteer. (3)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou